

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA(APPELAFDELING)

In die saak tussen:

|                                   |                     |
|-----------------------------------|---------------------|
| <u>ERIC R LÜFF</u> .....          | EERSTE<br>APPELLANT |
| <u>CHARLES WILLIAM WARD</u> ..... | TWEEDE<br>APPELLANT |

en

DIE STAAT ..... RESPONDENT

CORAM: VILJOEN, SMALBERGER, ARR et BOSHOFF, WAR

VERHOORDATUM: 1 SEPTEMBER 1986

LEWERINGSDATUM: 12 SEPTEMBER 1986

---

U I T S P R A A K

---

VILJOEN, AR

Die/.....

Die twee appellante het as beskuldigdes  
1 en 2 voor 'n Regter en een assessor in die Hoog-  
geregshof van Suidwes-Afrika tereggestaan op 26  
aanklagte van bedrog, een aanklag van diefstal en  
een aanklag van korrupsie ter oortreding van  
Ordonnansie 2 van 1928. Voor pleit het die Staat  
drie van die bedrogaanklagte naamlik 12, 13 en 27  
en die korrupsie-aanklag 28 teruggetrek. Na  
sluiting van die Staat se saak is die appellante  
ontslaan op 8 van die bedrogaanklagte naamlik  
19, 20, 21, 22, 23, 24, 25 en 26. Die appellante  
is uiteindelik skuldig bevind op aanklagte 2, 6, 16,  
17 en 18. Op aanklagte 2 en 6 is elke appellant  
gevonnis tot betaling van 'n boete van R1 000 of

12 maande gevangenisstraf. Op elkeen van aanklagte

16, 17 en 18 is elke appellant gevonniss tot 12 maande

gevangenisstraf waarvan die helfte opgeskort is vir

5 jaar op sekere voorwaardes. Die appellante is

deur die Verhoorhof verloff verleen om teen hulle

skuldigbevindings op aanklagte 2 en 6 te appelleer

en deur hierdie Hof om teen die skuldigbevindings

op aanklagte 16, 17 en 18 te appelleer.

Die aanklagte het voortgespruit uit sekere

transaksies wat aangegaan is tussen die Departement

van Nasionale Opvoeding van Suidwes-Afrika en n

firma bekend as Hochland Agentskappe in die tydperk

einde 1980 tot ongeveer September 1981. Gedurende

hierdie tydperk was die eerste appellant in die

diens van die Departement van Nasionale Opvoeding

en/.....

en onder meer in beheer van die rekeninge-afdeling  
en die voorrade-afdeling wat voorrade moes aankoop  
vir die gebruik by sekere skole en skoolkoshuise.

Die tweede appellant het in al die transaksies  
met die Departement die firma Hochland Agentskappe  
verteenwoordig.

Die Staat het in sy opsomming van feite  
oa die volgende bewerings gemaak:

- "1. Op 19 November 1980 is 'n rekening geopen  
te Volkskas Bank Windhoek in die naam van  
Hochland Agentskappe. Die tekenregte was  
soos volg bepaal: Heylie Maria Ward en  
Christina J E Vlok, enigeen mag teken,  
en Charles Wilhelm Ward mag teken. Die  
rekening is op 28 Januarie 1981 gesluit.  
Op 27 Januarie 1981 het die rekening  
heropen vir dieselfde besigheid. Teken-  
regte was as volg: Charles Wilhelm Ward  
en Heylie Maria Ward, enigeen mag teken.  
Op 28 Julie 1981 is die rekening finaal  
gesluit.

2. Op/.....

2. Op 24 Julie 1981 is 'n rekening vir Hochland Agentskappe te Barclays Bank, Ausspännplatz, Windhoek geopen. Slegs beskuldigde 2 het tekenregte gehad. Die rekening is gesluit op 11 September 1981. Op 3 September 1981 is 'n rekening by dieselfde bank geopen in die naam van Hochland Agentskappe Eiendoms Beperk. Op hierdie rekening het beide beskuldigdes tekenregte gehad. Beide moes elke tjek teken.
  
3. Op 27 Augustus 1981 is Hochland Agentskappe Eiendoms Beperk ingelyf as 'n maatskappy. Beskuldigdes 1 en 2 was die enigste direkteure met gelyke aandele.
  
4. Op 8 Desember 1980 is 'n Algemene Handelaarslisensie uitgereik vir die vennootskap Hochland Agentskappe. Die vennote was Heylie Maria Ward en Christina Johanna Vlok."

Heylie Maria Ward is die name van die

tweede appellant se eggenote en Christina Johanna

E Vlok die voorname en nooiensvan van die gewese

eggenote/.....

eggenote van die eerste appellant. Voor die landdros het beide appellante onskuldig gepleit. Toe hulle in die loop van die pleitverrigtinge versoek is om ingevolge a 115 van die Strafproseswet hulle pleite te verduidelik het die tweede appellant erken dat sy eggenote nie by die besigheid Hochland Agentskappe betrokke was nie en dat sy nie in verband met die behartiging van die besigheid of die sake van die "vereniging" ter bevordering of gepoogde bevordering daarvan opgetree het nie. Die eerste appellant wou nie erken dat sy gewese vrou nie 'n vennoot in Hochland Agentskappe was nie.

In die uiteensetting van die feite van die saak wat deur die Verhoorhof bevind is sê die

geleerde/.....

geleerde Verhoorregter tereg in die Hof se uitspraak dat Hochland Agentskappe bykans uitsluitlik met die Departement van Nasionale Opvoeding sake gedoen het en binne 'n kort tydperk 'n aansienlike wins getoon het. Uit hierdie gelde was die aankoop van 'n verdere besigheid bekend as Bill's Pawnshop gefinansier, asook die aankoop van 'n plaas, oordrag waarvan in die naam van die maatskappy Hochland Agentskappe (Edms) Bpk geregistreer is.

Aan die einde van 1981 het die eerste appellant sy bedanking ingedien by die Departement Nasionale Opvoeding en hy het hom daarna toegelê op boerderybedrywighede op die plaas. Die boerdery is beëindig nadat Barclays Bank ten gunste van wie 'n verband oor die plaas geregistreer is, die verband opgeroep/.....

opgeroep het. Die voorlopige vonnis wat deur die Bank aangevra is, is teengestaan deur die eerste appellant alleen. Hy het 'n beëdigde verklaring geliasseer waarin hy oa beweer het dat hy saam met die tweede appellant 'n direkteur is in die verweerder-maatskappy wat opgerig is met die doel om die plaas aan te koop. Voorheen, beweer hy, het daar, sedert ongeveer September 1980, 'n mondelinge vennootskapsooreenkoms tussen hom en die tweede appellant bestaan welke vennootskap onder die naam van Hochland Agentskappe sake bedryf het. Hy beweer dat hy met die eiser, Barclays Bank, ooreengekom het dat alleen tjeks wat sowel deur hom as die tweede appellant gesamentlik onderteken sou wees, deur die Bank teen die maatskappy se

rekening/.....



rekening gedebiteer sou word. Hierdie ooreenkoms

het die Bank nie nagekom nie, beweer hy. Ook is

daar op onreëlmatige wyse tjeks van die vennoot-

skap teen die maatskappy se rekening gedebiteer,

is 'n verdere bewering. Die tweede appellant het

in antwoord op die bewerings van die eerste appellant

ten behoewe van die Bank 'n beëdigde verklaring in

dieselfde verrigtinge geliasseer waaruit dit blyk

dat hy nie voorlopige vonnis teenstaan nie. Hy

erken die bestaan van die vennootskap en verduidelik

dat die maatskappy gestig is omdat die oordrag van

die plaas nie in hulle albei se name kon geskied nie.

Hulle het mondeling ooreengekom om die vennootskap

te ontbind en saam sake onder die maatskappy se naam

voort te sit. Hy erken die eerste appellant se

bewering/.....

bewering dat hy al die tjeks onderteken het maar  
beweer dat die eerste appellant te alle tye daarvan  
bewus was. Hy erken ook dat sekere tjeks in die  
naam van die vennootskap, en nie van die maatskappy  
nie, uitgereik is, maar dit was 'n blote oorsig,  
beweer hy.

In sy beëdigde verklaring in dieselfde  
verrigtinge het die eerste appellant sekere paragrawe  
aangehaal uit 'n brief wat hy voorheen, aan die begin  
van 1982, aan die tweede appellant geskryf het  
waarin hy die tweede appellant beskuldig van sekere  
onreëlmatighede en bevoordeling van laasgenoemde  
uit die vennootskapbates. Hy beweert in die brief,  
die geheel waarvan as 'n bewysstuk in die Hof a quo  
gedien het, dat hy onderneem het om 'n halwe aandeel

in/.....

in Bill's Pawn Shop aan die tweede appellant oor te dra op voorwaarde dat die tweede appellant hom R10 000 teen die einde van die jaar 1981 sou betaal wat, so beweer hy in die brief, die tweede appellant in gebreke gebly het om te doen. Daar is ook verwys in die brief na 'n pandjieswinkel, Charlie's Pawnshop, wat skynbaar dieselfde is as Bill's Pawnshop, waarin die tweede appellant gelde wat hy uit die vennootskap Hochland Agentskappe tot die nadeel van eerste appellant onttrek het, gestort het. Hy dring daarop aan dat die boeke van die vennootskap opgeskryf word sodat presies bepaal kon word wie van die vennote die meeste uit die vennootskapsrekening onttrek het en daar 'n verrekening kon plaasvind. Hy het ook in die brief verwys na die huur van 'n perseel waarin Charlie's Pawnshop sake gedoen het en/.....

en beskuldig die tweede appellant daarvan dat hy onregmatiglik geëis het dat die vennootskap Hochland Agentskappe 'n gedeelte van die huur moes betaal terwyl die vennootskap nie die nut van daardie gedeelte van die perseel waarop ooreengekomm is, kon benut nie omdat dit deur Charlie's Pawnshop beset is. Die eerste appellant beskuldig die tweede appellant daarvan dat hy net in die "pawnshop" belangstel en die vennootskap net gebruik om soveel geld as moontlik daaruit te trek. "Soos sake nou staan", kla die eerste appellant in die brief, "is ek duisende rande tekort gedoen."

Die eerste transaksie van die Departement van Nasionale Opvoeding waarin Hochland Agentskappe betrokke was, was die aankoop van karton-omslae van

h firma bekend as Maddisons. Dit was vir die uitvoering van h bestelling wat deur die eerste appellant namens die Departement geplaas is gedurende of ongeveer November 1980. In die getuienis is na hierdie omslae verwys as "tinted sheet boards." Daarna was daar ook bestellings geplaas deur Hochland Agentskappe by sekere firmas ten behoeve van die Departement vir sekere vleisprodukte. Die eerste was h bestelling van 2 400 kar-  
tonne ingemaakte vleis wat Hochland Agentskappe vir die Departement sou verkry van h firma bekend as Grundleger. Later, gedurende 1981, is daar periodiek bestellings geplaas vir die lewering van ander geblikte vleisprodukte (9 000 blikke in totaal) by h firma Combined Sales aan die Witwatersrand in die

RSA. Ten aansien van dié bestellings het Hochland Agentskappe fakture aan die Departement verstrek wat die Departement betaal het. Die prosedure wat in die verband gegeld het, is soos volg deur die geleerde Verhoorregter in die uitspraak van die Hof beskryf:

"Die wyse waarop bestellings geplaas was en betalings later gedoen was, is deur die verskillende getuies beskryf. Eerstens word 'n bestelvorm in duplikaat uitgemaak en onderteken deur 'n beampte. Die oorspronklike gaan na die leweransier en 'n afskrif, ook bekend as die betaalafskrif word behou. Die oorspronklike en die afskrif verskil egter in die volgende relevante opsigte:

(a) die volgende instruksies verskyn ondermeer op die oorspronklike wat nie op die afskrif is nie:

(i) 'Faktuur in tweevoud met die nommer van die bestelling daarop moet op die dag waarop die goedere versend word aan bogemelde adres gestuur word.'

(b) Die/.....

- (b) Die volgende ontvangs en betalings-sertifikate verskyn op die afskrif wat nie op die oorspronklike verskyn nie:

'Ek sertifiseer dat bogenoemde bestelling in elke opsig behoorlik uitgevoer is, dat die goedere korrek volgens spesifikasie in goeie toestand ontvang en in die rekords aangeteken is op die folio in die laaste kolom hierbo aangedui.'

'Ek sertifiseer dat bostaande bestelling met die fakture ooreenstem en die vorderings volgens kontrak, ooreenkoms of tarief billik en redelik is en dat die begunstigde op die betaling geregtig is.'

Na ontvangs van 'n faktuur van 'n leweransier moet beide hierdie sertifikate onderteken word waarna 'n rekening-outomaat betalingsadvies voltooi en onderteken word. Al die dokumente gaan dan na die Tesourie Afdeling waar die tjek uitgemaak en onderteken word."

Ten tyde van die opening op 19 November 1980

van die bankrekening van Hochland Agentskappe by

Volkskas/.....

Volkskas het die bank proefhandtekeninge van die persone wat tekenregte sou hê, benodig. Soos blyk uit paragraaf 1 van die Staat se opsomming van feite was een sodanige tekengeregtigde die voormalige eggenote van die eerste appellant Christina Johanna E Vlok. Dit is gemene saak dat die eerste appellant die naam C J E Vlok op die handtekeningstrokie wat deur die bank vir die doel voorsien is, geteken het. Einde Maart 1981 het Hochland Agentskappe h tjek aan Combined Sales gestuur onder dekking van h brief wat voorgegee het deur C J E Vlok onderteken te gewees het. Dit is gemene saak dat die eerste appellant hierdie brief geskryf het en die naam C J E Vlok daaronder geteken het.

Gedurende Maart en April 1981 het die

eerste/.....



eerste appellant talle Hochland-Agentskappe-tjeks uitgeskryf, vir doeleindes van betaling van krediteure. Die tjeks is egter nie deur hom nie maar deur die tweede appellant onderteken.

Agterop die bankstate van Maart, April en Mei 1981 van Hochland Agentskappe se bankrekening het die eerste appellant gepoog om bankrekonsiliasiestate vir daardie maande op te stel. Nadat hy bedank het, het hy op die plaas die vennootskap en maatskappy se boeke opgeskryf na die beste van sy vermoë met behulp, so beweer hy, van tjek-teenblaai en inligting wat die tweede appellant aan hom verstrekte het. Na die boeke wat hy opgeskryf het, is verwys as 'n kasboek en 'n grootboek. Hierdie kasboek het 'n folio 84 bevat asook 'n folio 88. Laasgenoemde

folio toon die bedrae aan wat uit die besigheid  
onttrek is vir die tweede appellant. Folio 84,  
beweer die eerste appellant, het die bedrae aange-  
toon wat aan sy gewese vrou C J E Vlok, wat op 'n  
stadium 'n vennoot was of 'n belang in Hochland Agent-  
skappe gehad het, uitbetaal is. Hierdie folio is  
egter uit die boek verwyder voordat die polisie  
daarop beslag gelê het. Folio 88 toon aan dat daar  
tot 9 Junie 1981 'n totaal van R13 238 aan die tweede  
appellant toegeken is. Die verwysing na folio 84  
op folio 60 en 61, dit wil sê die kasboek-gedeelte,  
toon aan dat daar gedurende dieselfde tydperk 'n  
bedrag van R23 148 aan iemand toegewys is wie se  
naam op folio 84 verskyn het. Na Bill's Pawnshop

(folio 116)/....

(folio 116) het R41 930 gegaan.

Vir die feite hierbo genoem wat nie deur die eerste appellant betwis is nie, het hy in sy getuienis in die Verhoorhof verontskuldigende verklarings aangebied. Een sodanige verduideliking was dat hy folio 84 na Kaapstad geneem het om sy vrou, wat daar gewoon het, daarmee te konfronteer en verduidelikings te eis van die bedrae wat sy van die vennootskap ontvang het. Folio 84 het by haar agtergebly, beweer hy.

Die Staat het beweer dat die twee appellante 'n gemeenskaplike opset gehad het om die Departement van Onderwys te bedrieg. Die Verhoorhof het bevind dat die getuienis aangetoon het dat die twee appellante wel 'n gemeenskaplike opset gehad/.....

gehad het om met die Departement besigheid te doen  
maar in die lig van die gebrekkige getuienis wat  
aangebied is ten opsigte van die meeste bewerings in  
die klagstaat was die Hof van oordeel dat daar nie  
genoegsame getuienis bestaan wat die beweerde gemeen-  
skaplike opset bo redelike twyfel bewys nie. Dit is  
nie duidelik of die Hof in hierdie verband slegs ver-  
wys het na die aanklagte waarop die appellante onskuldig  
bevind is nie. Hierop kom ek later terug.

Die bestaan van die beweerde vennootskap  
tussen die appellante is nie deur hulle erken nie  
en die eerste appellant het dit in sy getuienis  
ontken. Die Verhoorhof het egter langs die weg van  
die volgende redenasie bevind dat daar wel 'n  
vennootskap tussen hulle bestaan het:

"In die/.....

"In die brief van beskuldigde 1 aan beskuldigde 2 het beskuldigde 1 teenoor beskuldigde 2 egter aanspraak gemaak op vergoeding van sy deel van die vennootskap. In die eerste verklaring waarna verwys is, het hy verklaar dat hy en beskuldigde no 2 sedert September 1980 in vennootskap besigheid gedoen het as Hochland Agentskappe. In sy getuienis het hy die inhoud van beide hierdie dokumente as onwaarhede bestempel. Gedurende sy getuienis in hoof het hy die inhoud van die brief probeer verduidelik deur as rede aan te voer dat hy weens omstandighede betreffende sy huwelik en sy kinders emosioneel onstabiel was en in daardie toestand die brief geskryf het. Dit het egter nie 'n antwoord verskaf op die gedetailleerde inhoud van die brief nie, wat op sigself spreek van 'n intieme kennis van die besigheid. Nadat hy in kruisverhoor gekonfronteer was met die inhoud van die beëdigde verklaring het daar 'n grondverskuiwing plaasgevind. Toe het hy in besonderhede vertel van 'n besoek aan 'n prokureur wat die skryf van die brief voorafgegaan het. Nou was die nie meer soseer geskryf in emosionele onstabiliteit nie, maar as 'n lokval vir beskuldigde 2. Sy antwoord kon dalk beskuldigde 1 se probleme met die belastinggaarder opklaar.

Die latere beëdigde verklaring was blykbaar nog  
steeds/.....

steeds deel van hierdie beweerde lokval, maar 'n verstaanbare verduideliking was nie gegee nie. Dit was opvallend dat hy gedurende sy kruisverhoor aangaande die vennootskap senuweeagtig was, hy was ontwykend en onseker. As getuie het hy 'n swak indruk gemaak. Hier moet ook bygevoeg word dat hy gedurende sy getuienis in hoof as korroborasie van die feit dat hy nie geld van Hochland ontvang het nie, getuienis gelewer het aangaande sy bank en spaarrekeninge. In kruisverhoor het dit geblyk dat daar nog 'n spaarrekening was waarop daar inbetalings was afkomstig vanaf Hochland Agentskappe. Hy het sy vorige getuienis probeer verduidelik deur te sê dat hy die betrokke vrae anders verstaan het. Dit word as 'n versinsel verwerp.

Afgesien van hierdie omstandighede is dit so dat die oorspronklike bankrekening geopen was met behulp van 'n vervalste handtekening deur hom. Dit het hy later weer gedoen in 'n brief aan Combined Sales, BEWYSSTUK TT.4.

Op 10 Februarie 1981 stuur hy 'n teleks aan Combined Sales, BEWYSSTUK TT.2, waarin hy die Departement verbind om toe te sien dat Hochland sy rekenings betaal. Gedurende Junie/Julie 1981 het beskuldigde 2 vir beskuldigde 1 as sy

vennoot/.....

vennoot voorgestel aan die getuie Swarts. Hierdie getuie was volkome onafhanklik en het 'n goeie indruk op die Hof gemaak. Sy getuienis word aanvaar.

'n Verdere faktor was die feit dat alhoewel hy bewus was dat Combined Sales direk met die Departement van Nasionale Opvoeding wou besigheid doen, hy verdere bestellings sonder tender of kwotasie deur Hochland Agentskappe geplaas het. Hy het baie van die tjeks van Hochland Agentskap uitgeskryf. Hy het bankrekonsiliasiestate opgestel en die boeke opgeskryf. Intieme kennis van die besigheid word geopenbaar in die brief aan beskuldigde 2. Op die aspek van die vennootskap word sy getuienis verwerp as onwaar. Die Hof bevind dus dat dit 'n redelike twyfel bewys is dat hy die tweede vennoot was in Hochland Agentskappe en dat die bedrae wat gedebiteer was in folio 84 van BEWYSSTUK DD bedrae was wat hy uit die vennootskap ontvang het.

Beskuldigde 2 het in die beëdigde verklaring wat hy geliasseer het die ontstaan en bestaan van die vennootskap tussen hom en beskuldigde 1 erken. Hy het nie getuienis afgelê nie en die leuenagtige getuienis van beskuldigde

no 1 kan hom nie in hierdie opsig help nie. Dat sy vennoot nie sy vrou was nie, het hy in die landdroshof erken. Onder die omstandighede bevind die Hof dat daar ook in sy geval 'n redelike twyfel bewys is dat hy in vennootskap met beskuldigde no 1 was."

In die uitspraak van die Verhoorhof word a 332(7) van die Strafproseswet, wat soos volg lui, aangehaal:

"Wanneer 'n lid van 'n vereniging van persone wat nie 'n regspersoon is nie, in verband met die behartiging van die besigheid of sake van daardie vereniging of in verband met die bevordering of gepoogde bevordering van sy belange, 'n misdryf pleeg, hetsy deur 'n handeling te verrig of deur te versuim om 'n handeling te verrig, word iemand wat ten tyde van die pleging van die misdryf 'n lid van daardie vereniging was, geag aan daardie misdryf skuldig te wees, tensy bewys word dat hy nie aan die pleging van die misdryf deelgeneem het nie en dat hy dit nie kon verhoed het nie: Met dien verstande dat indien die besigheid of sake van die vereniging deur 'n komitee of ander dergelyke bestuurs-

liggaam/.....



liggaam bestuur of beheer word, die bepalings van hierdie subartikel nie van toepassing is op iemand wat ten tyde van die pleging van die misdryf nie 'n lid van daardie komitee of ander liggaam was nie."

Die Verhoorhof het die betoog namens die twee beskuldigdes dat die nie-bestaan of bestaan van 'n komitee of 'n bestuursliggaam deur die Staat bewys moet word, verwerp. In elk geval, sê die Hof, is dit duidelik uit die getuienis dat beide beskuldigdes 'n aktiewe rol gespeel het in die sake van die vennootskap.

Teen die agtergrond van die bogaande feite-bevindings het die Hof die onderskeie aanklagte bespreek. Ek sal hierin slegs na die bevinding van die Hof met betrekking tot die aanklagte waarop die twee appellante skuldig

bevind/.....

bevind is en waarteen hulle in hoër beroep kom,  
verwys.

Die Verhoorhof het aanklagte 2 - 11 in  
groepe behandel. Aanklagte 2 - 5 was een groep  
en aanklagte 6 - 11 die ander groep. Aanklagte  
2, 3, 4 en 5 het voortgespruit uit 'n transaksie  
aangegaan op 26 November 1980 tussen die Departement,  
Hochland Agentskappe en Grundleger waarkragtens  
die eerste appellant 2 400 kartonne vleisprodukte  
elk met 'n inhoud van 12 blikke van 1,35 kg elk  
namens die Departement by Hochland Agentskappe  
bestel het. Op sy beurt het die tweede appellant  
vir Hochland Agentskappe opgetree en die produkte  
by Grundleger bestel. Aflewering het in hoeveelhede

en/.....

en betaling in paalemente volgens wat gelewer  
is, geskied. Ten aansien van elke lewering en  
paalement was daar n aparte aanklag. Op 3 Februarie  
1981 het die Departement vir 100 gelewerde kartonne  
betaal (aanklag 2); op 17 Maart 1981 vir 500  
kartonne (aanklag 3); op 31 Maart 1981 vir 1257  
kartonne (aanklag 4) en op 10 Julie 1981 vir die  
laaste 543 kartonne (aanklag 5). Elke aanklag  
het sekere bedrieglike wanvoorstellings of hande-  
linge beweër, ondermeer dat tesourie- of tender-  
raadmagtiging nie verkry is nie, dat die betrokke  
hoeveelheid waarvoor betaal is nie tot die beste  
voordeel van die Staat aangekoop is nie, dat Hochland  
Agente nie geregtig was op die betrokke betaling nie

en/.....

en dat die appellante versuim het om te openbaar  
dat hulle 'n belang in Hochland Agentskappe gehad  
het.

Aanklagte 6 tot 11 het voortgespruit uit  
transaksies tussen die Departement, Hochland Agent-  
skappe en 'n firma Combined Sales. In hierdie gevalle  
was bestellings vir vleisprodukte op verskillende  
datums geplaas, lewering het na die bestellings  
plaasgevind en betalings is na lewering gemaak.  
Veelal soortgelyke bewerings as in aanklagte 2 tot  
5 is ten aansien van hierdie aanklagte gemaak.

Die Hof het die appellante slegs op die  
eerste van elkeen van hierdie groepe skuldig bevind.  
Dit is gemene saak, sê die Verhoorregter, dat die  
beskuldigdes nie aan die Departement bekend gemaak

het/...

het dat die eerste beskuldigde 'n belang in Hochland

Agentskappe gehad het nie. Hierdie versuim was

die enigste grond vir die skuldigbevinding van

die appellante op aanklagte 2 en 6. Die Hof rede-

neer soos volg:

"Die Hof het bevind dat beide beskuldigdes vennote was in die besigheid Hochland Agentskappe en dat beskuldigde 1 dus 'n belang gehad het in daardie besigheid. Die verhouding werkgewer en werknemer waarop die Staat staat gemaak het is 'n fidusiêre verhouding met pligte wat onderling bestaan, en die werknemer mag homself nie ten koste van sy prinsipaal verryk nie. Hy mag ook nie geheime profyte maak nie, selfs wat nie eens ten koste van sy prinsipaal is nie. Onder die omstandighede het daar dus regtens 'n regsplig bestaan op beskuldigde 1 om sy belang in Hochland Agentskappe te openbaar.

Klagtes 2 tot 5 het betrekking op een bestelling maar die lewerings het op verskillende tydperke plaasgevind. Dit sou verkeerd wees, indien hierdie versuim

om bekend te maak gelei het tot benadeling van die Staat, om 'n skuldigbevinding uit te bring op meer as een van daardie klagtes. Indien beskuldigde 1 openbaar het dat hy 'n belang in Hochland Agentskappe gehad het, sou dit die Departement in staat gestel het om teen die goedkoper prys te koop, of om die winste van die vennootskap te verhaal. Onder die omstandighede is dit die Hof se mening dat die Staat bo redelike twyfel bewys het dat die versuim om te openbaar wel tot die uiteindelijke verlies van die Staat gelei het.

Soos reeds gesê, om 'n vermenigvuldiging van skuldigbevindings nie te laat plaasvind nie, word beskuldigde 1 dan eerstens SKULDIG bevind op klagte 2, net ten opsigte van die versuim om te openbaar. Wat beskuldigde 2 aanbetref het hy nie getuig nie en ten opsigte dan van die bewyslas wat die betrokke artikel in die Strafproseswet op hom plaas, dit nie gekwyt nie. Daar kan net bygevoeg word dat alhoewel hy nie getuig het nie, hy uit die staanspoor deelgeneem het aan die versuim om te openbaar dat beskuldigde 1 'n belang in Hochland Agentskappe het. Hy het die bankrekenings geopen, eerstens onder die naam van homself en beskuldigde 1 se

gewese/.....

gewese vrou, daarna onder die naam van homself en sy eie vrou. Onder die omstandighede word beskuldigde 2 ook SKULDIG bevind op klagte 2 ten opsigte van die versuim om te openbaar.

Die beskuldigdes word dus ONSKULDIG BEVIND EN ONTSLAAN op klagtes 3, 4 en 5.

Sover dit klagtes 7,8,9,10 en 11 aanbetref geld dieselfde opmerkings ten opsigte van die versuim om te openbaar dat beskuldigde 1 n belang in Hochland Agentskappe gehad het. Weer eens om n vermenigvuldiging van skuldigbevindings te vermy word die beskuldigdes SKULDIG bevind op klagte 6 ten opsigte van die versuim om beskuldigde 1 se belange te openbaar en ONSKULDIG BEVIND EN ONTSLAAN op klagtes 7,8,9, 10 en 11."

#### AANKLAGTE 16, 17 en 18

Aanklag 16 het ook n hele aantal bewerings van bedrieglike wanvoorstellings en handelingte bevat.

Die enigste een wat egter ter sake is, is n bewering

dat die beskuldigdes bedrieglik voorgestel het dat

die/.....

die aankoopprys van 30 000 "tinted sheet boards"

by Hochland Agentskappe die bedrag, met koopbelas-

ting, van R6 552 beloop het terwyl dit in werklikheid

slegs R655,20 beloop het. Die betrokke transaksie,

so toon die getuienis aan, het op 17 November 1980

geskied toe die eerste appellant 'n bestelling by

Hochland Agentskappe geplaas het vir die lewering

van 30 000 "tinted sheet boards" teen R2,10 per

100. 'n Totale prys van R6 300 plus R252 verkoop-

belasting - 'n totaal dus van R6 552 is op die bestel-

vorm deur die eerste appellant ingevul. Hochland

het op sy beurt 'n bestelling geplaas by Maddisons

vir dieselfde aantal omslae teen 'n koopprys van

R483. Die eerste appellant het die faktuur van

Hochland/.....



Hochland Agentskappe met die geinflateerde prys daarop wat deur die tweede appellant geteken en voorgelê was as korrek gesertifiseer en het die ontvangssertifikaat sowel as die betalingsertifikaat met dieselfde bedrag daarop onderteken op die betaalafskrif van die bestelvorm. Hochland Agentskappe is per tjek gedateer 18 November 1980 betaal.

Dat hierdie voorstelling vals was, was gemene saak in die Verhoorhof. Appellant het die voorstelling in die bestelvorm gemaak en die faktuur het dieselfde bedrag getoon. Ingevolge die bepaling van a 245 van die Strafproseswet 51 van 1977, redeneer die Verhoorhof, word daar dus geag, tensy die teendeel bewys word, dat die voorstelling

gemaak/.....

gemaak is wetende dat dit vals is. Hierdie artikel

lui soos volg:

"Indien by strafregtelike verrigtinge  
 waarby 'n beskuldigde aangekla word van  
 'n misdryf waarvan 'n valse voorstelling  
 'n bestanddeel is, bewys word dat die  
 valse voorstelling deur die beskuldigde  
 gemaak is, word geag, tensy die teendeel  
 bewys word, dat hy so 'n voorstelling  
 gemaak het wetende dat dit vals is."

Die eerste appellant het in sy getuienis die be-  
 rekening as 'n bona fide fout bestempel. Na die  
 Verhoorhof se oordeel dui die omstandighede egter  
 daarop dat dit nie 'n fout was nie. Die Hof verwys  
 na 'n besoek wat die eerste appellant by die firma  
 Maddisons afgelê het om navraag te doen na hierdie  
 omslae. Die Hof verwys na die getuienis van  
 mnr en mev Du Plessis wat oor die besoek getuig

het/.....

het. Volgens hierdie getuienis het die eerste  
appellant vir die getuie Du Plessis te kenne gegee  
dat die Departement nie self 'n bestelling sou  
plaas nie, maar dat "hulle gewoonlik besigheid doen  
met Hochland Agentskappe." Die ontkenning van  
die eerste appellant dat hy so 'n besoek afgelê  
het en navraag gedoen het, is deur die Verhoorhof  
verwerp. 'n Ander omstandigheid wat die Hof in  
aanmerking geneem het was dat na die betaling  
van R6 552 deur die Staat wat op 19 November 1980  
in Hochland se bankrekening inbetaal is, daar op  
dieselfde dag drie tjeks uitgeskryf is wat deur  
die tweede appellant onderteken is. Die een tjek  
was vir 'n bedrag van R483 om vir Maddisons te  
betaal vir die omslae waarvoor die Staat R6 552  
aan/.....

aan Hochland betaal het. Die ander twee tjeks was kontant tjeks vir R1 500 elk. Een het na die tweede appellant gegaan en die ander is deur die eerste appellant toegewys aan folio 84. Die eerste appellant was die vennoot van die tweede appellant en folio 84 het die bedrae getoon wat aan die tweede vennoot betaal is, redeneer die Hof en wys ook daarop dat dit die eerste transaksie tussen die Departement en die appellante was. Die Hof meen dat dit nie waarskynlik is dat so 'n fout per abuis gemaak sou gewees het nie. Onder die omstandighede, bevind die Hof, het die eerste appellant nie op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys dat die fout met die bedrag 'n berekeningsfout was nie.

Die /.....

Die tweede appellant is ook skuldig op hierdie aanklag, meen die Hof, en redeneer soos volg. Die voorstellings deur die eerste appellant wat vervat is in die bestelvorm het onteenseglik gelei tot die uitreiking van die betrokke tjek en die benadeling van die Staat. Die misdryf wat die eerste appellant hierdeur gepleeg het, is gepleeg in verband met die bevordering van die belange van die vennootskap. Daar het dus 'n bewyslas op die tweede appellant gerus om ingevolge die bepaling van a 332(7) van die Strafproseswet te bewys dat hy nie aan die pleging van die misdryf deelgeneem het nie en dat hy dit nie kon verhoed het nie. Die tweede appellant het verkies om nie te getuig nie. In elk geval, meen die Hof, was hy dié persoon wat/.....

wat die misdaad aangehelp het deur die voorlegging van 'n faktuur waarop die valse inligting verskyn het, en hy het ook dadelik vir homself R1 500 toegeëien.

Wat aanklag 17 betref, het 'n soortgelyke vermenigvuldiging van die bedrag wat aan Hochland Agentskappe betaal moes word, plaasgevind met die gevolg dat 'n bedrag tien maal groter in werklikheid betaal is. Die getuienis deur die Hof opgesom was dat die eerste appellant 'n bestelling van 30 000 "tinted sheet boards" by Hochland Agentskappe geplaas het. Op die oorspronklike bestelvorm is die eenheids- en aankoopprys nie ingevul nie. (In hierdie opsig het die Hof 'n fout begaan, soos ek later sal aantoon). Hochland Agentskappe lê 'n

faktuur/.....

faktuur voor wat die eenheidsprys en die globale prys as R6 552 aantoon. Die eerste appellant

sertifiseer ontvangs en die betalingsertifikaat.

Op laasgenoemde sertifiseer hy ondermeer dat die prys billik en redelik was, of volgens kontrak.

Hierdie dokumente, bevind die Verhoorhof, lei tot

die betaling aan Hochland van die bedrag van

R6 552 in plaas van 'n bedrag van R655,20. Onmiddell-

lik na betaling gaan R2 000 na die tweede appellant

en R2 000 weer na die vennoot wie se ontvangste

in folio 84 aangetoon is. Die klagstaat het

mutatis mutandis dieselfde bewerings bevat as

die klagstaat ten opsigte van aanklag 16 behalwe dat

daar 'n verdere voorstelling van nie-lewering gemaak

is. Laasgenoemde is egter nie bewys nie, bevind

die/.....

die Hof. Ten opsigte van die valsheid van die voorstelling betreffende die prys van die artikels en die bewyslas op die beskuldigdes geld, volgens die uitspraak van die Verhoorhof, dieselfde oorewegings as dié waarna verwys is in verband met aanklag 16. Hierby kom egter nog 'n faktor, sê die Hof, en dit is dat dit totaal onwaarskynlik is dat 'n tweede soortgelyke fout en dus 'n onskuldige wanvoorstelling na die eerste gemaak sou word. Beide beskuldigdes het reeds van die vorige geld gebruik gemaak, sê die Hof, en wys daarop dat toe betaling vir hierdie 30 000 omslae gemaak word, R4 000 (R2 000 vir elk) onmiddellik deur hulle aangewend is.

Aanklag 18 het betrekking op 'n derde

geval/.....



geval van vermenigvuldiging met tien van die ver-  
skuldigde bedrag. Die Hof bevind die volgende:

Op 10 Februarie 1981 het die eerste appellant n  
verdere 30 000 omslae by Hochland Agentskappe  
bestel. Voor lewering word die bestelling verhoog  
na 64 000. Die eerste appellante skryf hierdie  
getal, die eenheidsprys en die verkeerde totale  
prys op die betaal-afskrif. n Faktuur van Hochland  
Agentskappe wat dieselfde eenheidsprys en die ver-  
keerde totale prys bevat word voorgelê. Dit word  
korrek gesertifiseer deur die eerste appellant.  
Weer eens lei die ondertekening van hierdie dokumente  
tot betaling van n buitensporige hoë bedrag aan  
Hochland Agentskappe naamlik n bedrag van R13 977,60  
waar die bedrag verskuldig R1 397,76 was. Die  
eerste/.....

eerste appellant het in sy getuienis aan die hand  
gedoen dat hy moontlik die foutiewe bedrag van die  
foutiewe faktuur oorgeneem het sonder om daarop ag  
te slaan. Die Hof het egter hierdie verklaring ver-  
werp en het bevind, in ag genome die agtergrond  
betreffende die twee vorige transaksies, die toepas-  
like oorwegings waarna in die geval van die vorige  
twee aanklagte verwys het en die feit dat die eerste  
appellant weereens die foutiewe totaal as korrek ge-  
sertifiseer het, dat die eerste appellant hom nie van  
die bewyslas ingevolge a 245 gekwyt het nie, en die  
tweede appellant hom nie van die bewyslas ingevolge  
a 332(7) gekwyt het nie.

Advokaat O'Linn het die uitspraak van die  
Verhoorhof op drie gronde aangeval. Hy het eerstens  
aangevoer dat die Hof gefouteer het om te  
bevind/.....

bevind dat daar 'n vennootskap bestaan het tussen die twee appellante. Tweedens het hy betoog dat die Hof gefouteer het om te bevind dat daar 'n bewyslas op die appellante gerus het ingevolge a 332(7) van Wet 51 van 1977 om te bewys, op 'n oorwig van waarskynlikhede, dat die voorbehoudsbepaling een of albei van hulle vrywaar teen die gelding van die hoofbepaling van die subartikel en derdens het hy betoog dat die Hof gefouteer het om te bevind dat die bepalende gedeelte van a 332(7) op die appellante of enigeen van hulle van toepassing is.

Adv O'Linn het, met uitvoerige verwysing na die getuienis van die eerste appellant, betoog dat die Verhoorhof nie al sy verduidelikings behoer-

lik/.....

lik oorweeg het nie en aangevoer dat sy getuienis waarin hy ontken het dat hy 'n lid van die vennootskap was redelik moontlik waar kan wees. Afgesien van die getuienis het die Hof 'n onreëlmatigheid begaan, so lui die betoog verder, om die erkenning voor die landdros deur die tweede appellant dat sy vrou nie 'n vennoot was nie as 'n faktor teen hom in ag te neem.

Wat laasgenoemde punt betref was dit sydelings belangrik vir die Staat, neem ek aan, om aan te toon dat nòg die eerste nòg die tweede appellant se vrou 'n vennoot in die besigheid was. Dit sou, as ander persone uitgeskakel word, die Staat help om te bewys dat die eerste appellant die ander vennoot in Hochland Agentskappe was.

Dit/.....

Dit was egter nie 'n wesenlike geskilpunt nie en  
dus nie regstreeks ter sake nie en, soos ons meegedeel is deur adv Heyman, namens die Staat, (want dit blyk nie uit die verslag van die verrigtinge wat presies gebeur het nie), skyn die landdros se toeweging aan die versoek van die Staatsaanklaer om aan elke appellant te vra of sy vrou 'n vennoot was en die landdros se voldoening aan daardie versoek nie heeltemal regmatig te geskied het ooreenkomstig die prosedure en vereistes wat nagekom moet word ingevolge artikels 119, 122 en 115 nie. Die Verhoorhof het egter slegs in 'n geringe mate op hierdie sogenaamde erkenning gesteun en in die geheel geneem is dit 'n faktor wat, na my oordeel, nie die uitslag in die Verhoorhof wesenlik kon beïnvloed nie.

Ek/.....

Ek is nie voornemens om volledig op die  
getuienis in te gaan nie. In sy betoog dat die Hof  
a quo die getuienis verkeerd beoordeel het, het  
adv O'Linn talle moontlikhede aan die hand gedoen  
wat, het hy aangevoer, as redelike moontlikhede  
deur die Verhoorhof in ag geneem moes gewees het.  
Na my oordeel was die moontlikhede wat hy voorgestel  
het bloot bespiegeland van aard en kan dit nie  
opweeg teen die oorweldigende oorwig van die omstan-  
digheidsgetuienis (wat insluit erkennings wat die  
twee appellante in ander verrigtinge gemaak het)  
dat daar 'n vennootskap bestaan het tussen die twee van  
hulle nie. Daarby moet nog gevoeg word die beoor-  
deling van die Verhoorhof van die eerste appellant  
as 'n swak getuie wat, veral toe hy getuig het oor  
die/.....

die bestaan van die vennootskap, senuweeagtig,  
ontwykend en onseker was. Dit is welbekend dat h  
appèlhof se bevoegdheid om in te gryp in die  
geval van h geloofwaardigheidsbevinding van h  
Verhoorhof uiters beperk is. Die Verhoorhof het  
ook tereg die versuim van die tweede appellant om  
te getuig, in ag geneem.

Die betoog gegrond op die voorbehoud van  
a 332(7) van Wet 51 van 1977 moet, na my oordeel,  
verwerp word. Daar was geen sprake daarvan in die  
getuienis dat die sake van Hochland Agentskappe  
deur h komitee of ander bestuursliggaam bestuur is  
nie. Weliswaar was die eerste appellant in die  
Departement en die tweede appellant daarbuite en laasgenoemde  
uit die aard van die saak vryer om meer openlik  
met/....

met Hochland Agentskappe se sake besig te wees  
maar Hochland Agentskappe het uitsluitlik of bykans  
uitsluitlik met die Departement besigheid gedoen  
en die onvermydelike afleiding uit die getuienis as  
n geheel geneem is dat die twee appellante saamge-  
span en saam beplan het om die Departement te  
bedrieg. Wat die algemene daaglikse administratiewe  
werksaamhede van Hochland Agentskappe betref, waar-  
onder veral die betaling deur die vennootskap van  
die leweransiers geval het, is die getuienis dat  
die eerste appellant n aansienlike aantal van die  
betrokke tjeks uitgeskryf het wat dan deur die  
tweede appellant onderteken is. Daarbenewens het  
die eerste appellant een keer n brief onder dekking  
waarvan/.....



waarvan 'n tjek aan Maddisons gestuur is, in sy vrou se naam onderteken en op 'n ander geleentheid het hy 'n teleks aan Maddisons gestuur in die Departement se naam om betaling deur Hochland Agentskappe te waarborg. Van die tweede appellant se eensydige optrede soos byvoorbeeld sekere ont-trekkings wat hy gemaak het uit Hochland Agentskappe se rekening om dit in Bill's Pawnshop te stort, kan nie afgelei word dat hy die bevoegdheid gehad het om as 'n alleen-bestuurder op te tree nie. Daar is niks in die getuienis om aan te toon dat die verstandhouding nie was dat hulle gesamentlik oor die uitgawes of onttrekkings moes ooreenkom nie. Uit hoofde van die feit dat die tweede appellant op 'n stadium alleentrekkingsbevoegdheid gehad/.....

gehad het, was hy in 'n posisie om fisies alleen  
uitbetalings te doen maar die eerste appellant  
het hom later tot verantwoording geroep. Maar  
selfs al het die tweede appellant bestuursbevoegd-  
hede, stilswyend of uitdruklik, gehad ten aansien  
van sekere uitvoeringshandelinge deur Hochland  
Agentskappe het daardie bevoegdhede nie die eerste  
appellant uitgesluit waar dit onderhandelings tussen  
Hochland Agentskappe en die Departement gegeld het  
nie. Hulle het in daardie verband saamgespan.  
Soos die Hof a quo dit stel, ".... dit is duidelik  
uit die getuienis dat beide beskuldigdes 'n aktiewe  
rol gespeel het in die sake van die vennootskap."  
Die voorbehoudsbepaling van a 332(7) kom dus, na my  
oordeel, glad nie ter sprake nie.

Wat/.....

Wat die toepassing van die bepalende gedeelte van a 332(7) op aanklagte 2 en 6 betref, het adv O'Linn betoog dat die feite wat die Hof as bewese bevind het nie aantoon dat die tweede appellant 'n party was tot die eerste appellant se versuim om aan die Departement die eerste appellant se belang in Hochland Agentskappe te openbaar nie. Ek kan nie saamstem nie. Die feite toon aan dat beide appellante goed geweet het dat die openbaarmaking van die eerste appellant se belang in Hochland Agentskappe kontraktering met die Departement kan verongeluk. Hulle was albei versigtig. Hulle vroue is voorgehou as mede-vennote van die tweede appellant. Die Hof het, na my oordeel, tereg bevind dat die tweede appellant uit die

staanspoor deelgeneem het aan die versuim om te openbaar dat die eerste appellant 'n belang in Hochland Agentskappe het. Die gebruik van die woord "deelneem" wat in die uitspraak gebruik word ten aansien van die tweede appellant dui vir my aan dat die Hof bedoel het om te sê dat die twee appellante 'n gemeenskaplike opset gehad het wat die versuim om te openbaar betref. In dié lig gesien moet die Hof se opmerking vroeër in die uitspraak dat die Hof van oordeel is dat daar nie genoegsame getuienis bestaan wat die twee se gemeenskaplike opset bo redelike twyfel bewys nie gelees word slegs om te verwys na "die meeste bewerings" in die klagstaat en nie na almal nie. Die bewyslas het dus op hom gerus ingevolge a 332(7) om te bewys dat hy nie aan die verswyging deelgeneem het nie. Hy het nie getuienis afgelê nie en het gevolglik nie die bewyslas gekwyd nie. Die appèl teen die

appellante/.....

appellante se skuldigbevindings op aanklagte 2

en 6 kan nie slaag nie.

Wat die skuldigbevindings op aanklagte

16, 17 en 18 betref het adv O'Linn hoofsaaklik

die feitebevindings van die Verhoorhof aangeval.

Die verklaring deur die Hof dat dit gemeensaak is

dat die eerste appellant, wat aanklag 16 betref,

'n valse voorstelling gemaak het deur die totaal

van die berekening foutief aan te dui, is nie

korrek nie, lui die betoog. Die blote onderteke-

ning van enige van die sertifikate op die Hochland-

faktuur of op die bestelvorm bevat nie so 'n

uitdruklike en geskrewe voorstelling dat die

berekening korrek is nie en/of dat die onderteke-

naar glo dat dit korrek is nie.

Die/.....

Die bewoording op die fakture moet, na my oordeel, egter nie in isolasie beskou word nie.

As die getuienis van die wyse waarop die betaling goedgekeur is, die omstandighede wat daar in die besondere afdeling van die Departement geheers het waarvan die eerste appellant hoof was, die aandeel wat hy gehad het in die transaksies en die duidelike voorkoms in sy handskrif van die bedrag op sekere bestelvorms en betalingsadviese in aanmerking geneem word was die bevinding dat hy die voorstelling gemaak het, indien dit nie gemene saak was nie, ruimskoots geregverdig.

Daar is egter betoog dat die Verhoorhof moes bevind het dat die eerste appellant, wat onder geweldige werksdruk verkeer het, wie se oë nie

besonder/.....

besonder goed is nie en wat 'n sakrekenaar gebruik  
 het, se getuienis dat hy 'n bona fide fout gemaak  
 het, redelik moontlik waar kon wees. As al die  
 getuienis in aanmerking geneem word is ek van  
 oordeel dat hierdie Hof nie van die bevinding van  
 die Verhoorhof kan verskil nie. Die eerste appel-  
 lant het nie die bewyslas wat op hom ingevolge  
 a 245 van Wet 51 van 1977 gerus het, gekwyd nie.

Wat aanklag 17 betref, betoog adv O'Linn  
 dat die Hof 'n mistaking begaan het deur te bevind  
 dat die eerste appellant "weereens 'n bestelling  
 geplaas het." Daar is aangevoer dat die bevinding  
 dat: "Op die oorspronklike bestelvorm J15 was die  
 eenheids- of aankoopprys nie ingevul nie" 'n mis-

tasting/.....

tasting was want bewysstuk J15 verwys na aanklag

18. Die oorspronklike bestelvorm wat betrekking

het op aanklag 17 is C7, voer advokaat O'Linn

aan, en laasgenoemde is volledig ingevul deur ene /

D J Rickerts wat nie as getuie geroep is nie. Dit

is waar dat die Hof a quo n fout begaan het met

die bewysstukke maar ek kan nie saamstem dat bewys-

stuk C7 volledig ingevul is deur D J Rickerts nie.

Die afskrif van hierdie bewysstuk is, in teenstelling

met sekere ander bewysstukke, goed leesbaar.

Rickerts se naam kom wel op die bestelvorm voor as

die persoon by wie navrae gedoen moet word en ek

sal aanvaar dat hy die adres van Hochland Agent-

skappe op die bestelvorm geskryf het asook die

woorde/.....



woorde "30 000 Tinted sheet boards", maar hy het  
beslis nie die ander besonderhede ingevul nie.

Die handtekening op die bestelvorm is die van die  
eerste appellant en, alhoewel ek geen handskrif-

deskundige is nie, kom die ander besonderhede vir

my voor asof dit in die kenmerkende handskrif van

die eerste appellant geskryf is. Onder hierdie

besonderhede is die prys "R6 300" die woorde

"+ 4% A V B" en die bedrag "R252,00" daarteen-

oor sowel as die woorde "2de & finale bestelling",

asook die totaal "R6 552,00." In elk geval is dit

duidelik dat hierdie woorde en syfers in 'n ander

handskrif as die ander besonderhede geskryf is.

Dit is dus nie korrek om te sê dat Rickerts al die

besonderhede/.....

besonderhede ingevul het nie.

Bewysstuk J15 verwys, soos adv O'Linn

tereg aanvoer, na aanklag 18. Ene Beukes het

hierdie bestelvorm ingevul deur slegs in te skryf

"Board sheets (omslae) 30 000". Geen eenheidsprys

of totale prys is ingevul nie. Die besonderhede is

later, waarskynlik, gee die advokaat toe, nadat

die faktuur ontvang is, deur die eerste appellant

ingevul op die betaalafskrif, maar, betoog hy,

die eerste appellant se verduideliking dat hy mis-

lei is deur die prys op die faktuur is redelik

moontlik waar. Ek het reeds met hierdie argument

in die samehang van al die omstandighedsgetuienis

gehandel.

Die tweede appellant is, uit hoofde van

die/.....

die bepalings van a 332(7) ook skuldig bevind,  
tereg, na my mening, op aanklagte 16, 17 en 18.

Die Staat was nie tevrede daarmee om  
slegs die appèl teen te staan nie. Namens die  
Staat het adv Heyman aangevoer dat die Verhoorhof  
verkeerdelik op grond daarvan dat daar 'n onge-  
oorloofde vermenigvuldiging van aanklagte was die  
appellante slegs skuldig bevind het op die eerste  
aanklag van elk van die groepe 2 - 5 en 6 - 11  
en hy het hierdie Hof versoek om die fout reg te  
stel en op elkeen van die ander aanklagte in die  
twee groepe 'n vonnis op te lê soortgelyk aan die  
vonnis wat die Verhoorhof op aanklagte 2 en 6 op-  
gelê het. Die Staat het nie die Verhoorhof versoek

om 'n regspunt ingevolge a 319 van Wet 51 van 1977

voor/.....

voor te behou nie maar adv Heyman betoog dat dit onder die omstandighede van hierdie geval nie nodig was om dit te doen nie. Hy beroep hom op a 322(1) van Wet 51 van 1977 en betoog dat aangesien die appellante teen hulle skuldigbevindings op aanklagte 2 en 6 geappelleer het kan hierdie Hof ingevolge par (b) van subartikel (1) die uitspraak gee wat die Verhoorhof behoort te gegee het.

Na my oordeel is dit 'n vergesogte argument.

Die argument gaan nie op nie eenvoudig omdat die Staat verkies het om afsonderlike aanklagte te formuleer. Die appellante appelleer slegs teen hulle skuldigbevinding op aanklagte 2 en 6 en die betoog dat die Hof wesenlik bevind het dat die versuim om die eerste appellant se belang in

Hochland/.....

Hochland Agentskappe te openbaar al die aanklagte in die twee groepe tref, kan die Staat nie help nie. Bowendien, gestel die appellante was op meerdere aanklagte skuldig bevind, is dit twyfelagtig of die vonnisse enigsins sou verskil het van die vonnisse wat wel opgelê is ten aansien van die skuldigbevindings op aanklagte 2 en 6 want daar was maar een versuim om te openbaar en dit is aanneembaar dat, selfs as die Verhoorhof in sy benadering gefouteer het, waarvan ek geensins oortuig is nie, die Verhoorhof sou oorweeg het om te gelas dat die vonnisse saamloop. Die betoog van die Staat word gevolglik verwerp.

Adv Heyman rig egter nog 'n ander versoek aan hierdie Hof. Hy kla dat die twee appellante

by/.....

by monde van hulle regsverteenwoordigers op onbillike en onbehoorlike wyse herhaaldelik besonderhede van die bewerings in die klagstaat aangevra het en versoek hierdie Hof om riglyne neer te lê waarvolgens nadere besonderhede aangevra kan word en verskaf moet word.

Dit is 'n verbasende en ongewone versoek.

Daar is talle gewysdes waarin die beginsels wat geld neergelê is en dit hang van die feite van elke saak af welke nadere besonderhede 'n hof, met die toepassing van die gepaste beginsels, die Staat sal gelas om te verskaf. Bowendien is die aangeleentheid van die verskaffing van nadere besonderhede glad nie 'n geskilpunt in hierdie appèl nie en

dit/.....

dit is nie hierdie Hof se funksie om 'n regsmening  
aan 'n litigerende party te verskaf nie.

Die appèl van die twee appellante  
word van die hand gewys.

  
APPÈLREGTER

SMALBERGER    AR)  
                  ) - stem saam  
BOSHOFF        WAR)